Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 25 AUGUSTUS 2011 OM 14:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh A Johnson
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

RAADSLEDE:

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Fortuin, C (ANC)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
McKrieling, H (TPICO)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Sedeman, A C (DA)
Stanley, B J (DA)
Rust, N J A (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C M Cloete, B W Geel, A M Sneewe en O M Stemele.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat gedurende Augustus verjaar.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 23 JUNIE 2011

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou 23 Junie 2011 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 17 JUNIE 2011

5.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 28 JUNIE 2011

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 20 JULIE 2011

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die tendertoekenningskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 31 MEI 2011

6.2 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 23 JUNIE 2011

6.3 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 JUNIE 2011

6.4 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 JULIE 2011

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELS WYSIGINGSWET, 2011: ONMIDDELLIKE IMPLIKASIES VIR MUNISIPALITEITE (1/1/1/8)

Die wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wysigingswet, Wet 5 van 2011 is in Staatskoerant Nr 34433 gedateer 5 Julie 2011 gepubliseer.

'n Omsendbrief gedateer 27 Julie 2011 is ontvang vanaf SALGA waarin die belangrikste wysigings toegelig word wat voormelde Wet aan die Stelselswet, Wet 32 van 2000 teweegbring.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die SALGA Omsendbrief 29/2011 gedateer 27 Julie 2011.

8.2 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN: PROSESPLAN (2/1/4/4/1)

Die konsep GOP Prosesplan is op 22 Junie 2011 voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir beginselgoedkeuring om daarna die plan vir publieke insette beskikbaar te stel.

Geen kommentaar is vanaf die publiek ontvang nie.

8.2/...

Die Speaker versoek dat daar oor die aangeleentheid gestem word, en word dit beslis met 13 (DA) stemme, 1 (COPE) stem en 1 (TPICO) stem ten gunste daarvan en 4 (ANC) stemme daarteen.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat die Prosesplan ten opsigte van die opstel van 2012-2017 GOP vir Swartland in terme van artikel 28 van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) goedgekeur word;

(b) Dat die GOP/Begroting Tydskedule in Aanhangsel A van die Prosesplan in terme van artikel 21(1)(b) van Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

8.3 WYKSKOMITEES: WYSIGING IN GRONDWET (3/4/4/B)

'n Versoek is vanaf die Uitvoerende Burgemeester ontvang om die periode na afloop van die sluiting van nominasies te verleng. Tans bepaal die Grondwet dat die verkiesing nie minder as 7 dae of meer as 10 dae voor die datum van sluiting van nominasies sal wees nie.

Wyksraadslede sal dan geleentheid hê om die nominasies ontvang deur te gaan en waar nodig geskikte kandidate te werf vir die sektor/geografiese gebied wat nog nie oor 'n genomineerde beskik nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat die volgende wysiging in die Grondwet vir Wykskomitees goedgekeur word:

"Die sluitingsdatum vir die ontvangs van nominasies moet hoogstens 21 dae wees voor die datum wat ooreenkomstig paragraaf 9(1)(a) vir die verkiesing van lede van die wykskomitees vasgestel is."

(b) Dat, inaggenome die wysiging, kennis geneem word dat die verkiesing van wykskomitees in die wyke waar nodig, in die week van 29 Augustus 2011 sal plaasvind.

8.4 VERTEENWOORDIGING DEUR RAADSLEDE OP INTERNE EN EKSTERNE KOMITEES VAN DIE RAAD (3/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat sy komitee in proses is om elke lid se area van verantwoordelikheid te hersien. Die name van raadslede sal dus eers bekend gemaak kan word na afloop van voormelde proses, en word derhalwe –

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J H Cleophas)

(a) Dat die lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemoeid met die toepaslike area van verantwoordelikheid namens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aangewys word om van politieke kant af die EPWP te monitor ten opsigte van die implementering en bereiking van teikens;

(b) Dat die lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemoeid met die toepaslike area van verantwoordelikheid die Raad sal verteenwoordig op die bestuurskomitee van die Kaapse Biosfeer.

8.5 DRAGKODE VIR RAADSLEDE (3/1/2)

Raadslid C Fortuin doen weereens 'n beroep op die Raad om te oorweeg dat vroulike raadslede toegelaat word om netjiese denims na vergaderings van die Raad te dra.

BESLUIT/...

8.5/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die dragkode – soos uiteengesit in Bylae A tot die verslag – vir die nuwe Raad van krag sal bly;

(b) Dat kennis geneem word dat die Speaker op die Reëlskomiteevergadering gehou 9 Junie 2011 vir raadslede M S I Goliath en C M Cloete aangewys het om toesig te hou oor die toepassing van die dragkode deur vroulike raadslede van die onderskeie partye;

(c) Dat, op versoek van die Reëlskomitee, die dragkode ook van toepassing sal wees op alle raadslede wanneer wykskomiteevergaderings bygewoon word.

8.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN HUURGEBIED NO. 6, WESBANK MALMESBURY (12/2/5/2-8/6) (WYK 11)

Huurgebied no. 6 (gedeelte van erf 2395, Iniastraat, Malmesbury) word ingevolge 'n notariële huurooreenkoms aan mnr Thorleif Halvorsen (reeds oorlede) en mnr Fredrick de Beer verhuur sedert 1 Januarie 1975.

Die aangeleentheid het op 11 Augustus 2011 voor die Uitvoerende Burgemeesters-komitee gedien en handel dit hoofsaaklik met die onderverdeling en vervreemding van die skakelhuise. Dit was tot dusver praktyk om die huurgebiede te vervreem aan die bewoners daarvan, vanweë die probleme wat bestaan om alternatiewe huisvesting vir hierdie mense te bekom.

Die verlening van goedkeuring om onroerende eiendom te mag vervreem is 'n nie-delegeerbare funksie en slegs die Raad kan hieroor beslis.

Rdl D B Philander versoek dat 'n oudit van alle munisipale eiendomme gedoen word, ten einde vas te stel watter eiendomme deur die Raad verhuur en gehuur word.

Die Munisipale Bestuurder noem dat 'n volledige oudit beskikbaar is, en sal die inligting by die volgende raadsvergadering in November beskikbaar gestel word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die Raad volstaan met sy standpunt om die huurgebiede in Wesbank, waarby huurgebied no. 6 ingesluit is, aan die bewoners daarvan en nie die notariële huurders nie, te vervreem;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat huurgebied no. 6 onderverdeel word en uit-die-hand-uit aan die huidige bewoners van die twee skakeleenhede vervreem word ingevolge die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom;

(c) Dat die raadsprokureur versoek word om die vervreemding van die eiendomme te bewerkstellig, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(i) die verkoopprys van die twee onderverdeelde eiendomme gekoppel word aan die maksimum behuisingsubsidie, synde R84 000,00 per eiendom;
(ii) 'n drieledige verkoopooreenkoms in beide gevalle gesluit sal word met die koper, die munisipaliteit en die notariële huurder as partye daartoe;
(iii) Gebaseer op die pro rata grond- en verbeteringswaardasie op die eiendom, kompensasie soos volg sal geskied in beide gevalle:

- vergoeding aan die munisipaliteit vir die grond:	R24 000 per erf
- vergoeding aan die notariële huurders vir verbeterings:	R60 000 per erf
Totaal per erf	R84 000 per erf

(d) Dat enige vergoeding wat reeds deur die Halvorsens van hul huurder verhaal is, verreken sal word teen die kompensasie waarop hulle ingevolge bogemelde formule sal aanspraak maak, ten gunste van die oordragnemer;

8.6/...

(e) Dat die uit-die-hand-vervreemding van die eiendom ingevolge die bovermelde verordening vir publieke kommentaar geadverteer sal word;

(f) Dat die munisipaliteit en die notariële huurders (en nie die kopers in hierdie geval nie) aanspreeklik sal wees vir die onderverdelings-, oordrags- en advertensiekostes wat uit die twee transaksies voortspruit, pro rata op dieselfde verhoudingsbasis soos vasgestel in paragraaf (c)(iii) hierbo, om – in die geval van die notariële huruders – uit die opbrengs van die verkope by oordrag van die eiendomme verhaal te word.

8.7 VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1754, MALMESBURY (17/2/2/3)

'n Skrywe is ontvang vanaf Elkana Childcare waarin die Raad meegedeel word dat die organisasie nie meer begerig is om erf 1754 aan te koop nie, maar wel om voort te gaan met die huur daarvan ingevolge die bestaande huurvoorwaardes.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat die Raad sy besluit van 24 November 2010, naamlik om erf 1754 aan Elkana Childcare te vervreem, herroep;

(b) Dat Elkana Childcare toegelaat word om voort te gaan om erf 1754, Malmesbury te huur, onderhewig aan die bstaande huurvoorwaardes (wat 'n terugvalklousule betreffende die verbeterings op die eiendom insluit) en vir 'n onbepaalde termyn.

8.8 ELEKTRIFISERING VAN CHATSWORTH LAEKOSTE BEHUISINGSGEBIED (17/4/2/3-2/1)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat Eskom die voorsiener is van elektrisiteit in Chatsworth. Die elektrifisering van die laekoste behuisingsprojek word gefinansier deur die Departement van Energie en moet daar aan laasgenoemde se regulasies voldoen word, onder andere dat 80% van die huise voltooi moes wees alvorens Eskom 'n aanvang mag neem met die projek.

Die infrastruktuur is voltooi en word inspeksies tans uitgevoer, met die finale inspeksie deur Eskom teen einde Augustus. Binne 'n periode van 3 weke daarna sal die kragonderbreking dan gereël word om die koppeling aan die bestaande netwerk te doen.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem verder dat die interne elektriese installasies deur die munisipaliteit behartig word. Installasies is reeds gedoen van alle huise wat reeds bewoon word. Daar is nog 16 uitstaande, maar het okkupasie daarvan nog nie plaasgevind nie.

Die munisipaliteit sal ook die aanbring van straatligte uit die bedryfsbegroting finansier, maar is daar in hierdie verband nog nie 'n ooreenkoms vanaf Eskom ontvang om die straatligte by die bestaande netwerk op te koppel nie.

Die Direkteur: Elektriese Dienste verduidelik verder dat die munisipaliteit 'n deposito van R450,00 vra vir gebiede wat gebruik maak van voorafbetaalde tipe meters en/of waar Eskom die voorsiener is. Eskom het ook 'n aansluitingskoste van R1 360,00 vir 'n 60 ampère aansluiting, terwyl 'n aansluiting van 20 ampère gratis is.

Dit is belangrik dat raadslede daarop let dat Eskom uit verskeie afdelings bestaan wat weer van ander partye afhanklik is, onder andere die beheersentrum wat die kragonderbreking moet goedkeur. Dit is dus nie in die hande van Swartland Munisipaliteit om te bepaal wanneer die inwoners se elektrisiteit aangeskakel gaan word nie.

VIR KENNISNAME

GETEKEN:
SPEAKER